RINSAR

NUUSBRIEF NOVEMBER 2004

Betalings van rekeninge

Indien daar elektroniese of direk betalings in ons rekening gemaak word, waarop u rekening nommer nie as verwysing aangetoon word nie, versoek ons u om ons in kennis te stel van die betaling.

Ons ontvang gereeld onbekende betalings wat nie teen die betrokke kliënt se rekening afgespeel kan word nie.

VAT returns

Please note that all VAT returns are now summitted electronically. We are not faxing and posting the returns to SARS anymore.

This is a more effiecient and reliable way.

BTW Fakture

Vanaf 1 April 2005 moet alle fakture bo R1000 ook nou die koper se BTW nommer aantoon. Dit het die gevolg dat SARS baie meer in detail na BTW fakture gaan kyk, en gaan bepaal of dit geldig is.

'n Geldige faktuur moet die volgende besonderhede bevat:

1. Woord “Belastingfaktuur”.
2. Naam en adres van verskaffer.
3. BTW nommer van verskaffer.
4. 'n Reeksnommer en datum van uitreiking.
5. Naam en adres van koper (nie verpligtend vir fakture onder R1000).
6. BTW nommer van koper (indien BTW agent, nie verpligtend vir fakture onder R1000).
7. Beskrywing van goedere of dienste verskaf.
8. Hoeveelheid of volume van goedere gelewer of dienste verskaf.
9. BTW bedrag en persentasie.
10. Moet in SA Rand wees, behalwe vir nulkoers uitvoere.

Vanaf die Februarie 2005 BTW opgawes gaan ons die ongeldige fakture uitwys vir u sodat u dit kan opneem met die verskaffer. En na 1 April 2005 sal ons geen ongeldige faktuur meer toelaat nie.

Indien SARS ooit 'n oudit doen, en hulle vind ongeldige fakture wat geëis is, sal SARS die BTW terug tel, en daar mag dan *rente* en *boetes* gehef word daarop. Dus is dit in u eie belang dat ons streng gaan wees met BTW fakture.

Department of Labour

In terms of the labour legislation all employers should be in possession of the following publications:

1. The Occupational Health and Safety Act, 1993. (R5,00)
2. Poster – Summary of the Basic Conditions of Employment Act, 1997. (R1,32/R20,00*)
3. Poster – Summary of Employment Equity Act, 1998. (R0,95/(R20,00*)

* R20,00 for a laminated copy.

This can be ordered from the Government Printing Works.

Address: Private Bag X85, Pretoria, 0001,

Tel: (012) 334 4713
Fax: (012) 323 9574

Sperdatums

U moet asseblief let op die sperdatums vir tjeks of opgawes wat ons moet bereik. Gewoonlik word die sperdatum 'n week voor die werklike indieningsdatum vasgestel.

Ons *moet* op die sperdatum die betrokke inligting ontvang, sodat ons dit betyds by die betrokke instansie kan indien of in betaal.

-----=-----

Soos u sien is ons naams-verandering nou finaal.

Ons streef nog steeds daarna om op 'n eerlike, regverdige wyse 'n bekostigbare diens aan ons kliënte te verskaf.

Ons dank u vir die jaar se vriendelike samewerking en hoop om nog baie jare tot u diens te wees.

Ons wens u 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe jaar toe.

U is welkom om ons te kontak oor enige punte genoem in hierdie nuusbrief of vir enige vertaling daarvan.

Sarel Wessels – 083 235 4612
Karin Wessels – 082 873 2338

Kantoor: 051 753 0754

Kantoorure:

08:00 tot 16:30 (Ma-Do)
08:00 tot 16:00 (Vry)